kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Uitnodigings

Skriflesing: Johannes 1:43-52 (1953)

43 En hy het hom na Jesus gelei. Toe kyk Jesus hom aan en sê:
Jy is Simon, die seun van Jona; jy sal genoem word Céfas, wat
vertaal word Petrus.
44 Die volgende dag wou Jesus na Galiléa vertrek; en Hy het
Filippus gekry en vir hom gesê: Volg My.
45 En Filippus was van Betsáida, uit die stad van Andréas en
Petrus.
46 Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom
gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe
het: Jesus, die seun van Josef van Násaret.
47 En Natánael sê vir hom: Kan daar uit Násaret iets goeds
wees? Filippus antwoord hom: Kom kyk.
48 Daarop sien Jesus Natánael na Hom toe kom en sê van hom:
Hier is waarlik 'n Israeliet in wie daar geen bedrog is nie.
49 Natánael sê vir Hom: Waarvandaan ken U my? Jesus
antwoord en sê vir hom: Voordat Filippus jou geroep het toe jy
onder die vyeboom was, het Ek jou gesien.
50 Natánael antwoord en sê vir Hom: Rabbi, U is die Seun van
God, U is die Koning van Israel!
51 Jesus antwoord en sê vir hom: Glo jy omdat Ek vir jou gesê
het: Ek het jou onder die vyeboom gesien? Jy sal groter dinge
sien as dit.
52 En Hy sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, van
nou af sal julle die hemel geopend sien en die engele van God
opklim en neerdaal op die Seun van die mens.

Broodjies vir die pad

"Books are not made to be believed, but to be subjected to inquiry. When we consider a book, we mustn't ask ourselves what it says but what it means..."
— Umberto Eco, The Name of the Rose

"This being human is a guest house. Every morning is a new arrival. A joy, a depression, a meanness, some momentary awareness comes as an unexpected visitor...Welcome and entertain them all. Treat each guest honorably. The dark thought, the shame, the malice, meet them at the door laughing, and invite them in. Be grateful for whoever comes, because each has been sent as a guide from beyond."
— Jalaluddin Mevlana Rumi

"The truly free man is the one who can turn down an invitation to dinner without giving an excuse."
— Jules Renard, The Journal of Jules Renard

"True teachers are those who use themselves as bridges over which they invite their students to cross; then, having facilitated their crossing, joyfully collapse, encouraging them to create their
own."
— Nikos Kazantzakis

Nikos Kazantzakis (Greek: Νίκος Καζαντζάκης) was a prolific Greek writer, whose works include essays, novels, poems, tragedies, travel books, and translations of such classics as Dante's The Divine Comedy and J.W. von Goethe's Faust.

Like his hero, Odysseus, Kazantzakis lived most of his artistic life outside Greece-except for the years of World War II. "I am a mariner of Odysseus with heart of fire but with mind ruthless and clear," Kazantzakis wrote in TODA RABA (1934).

Several of the author's novels deal with the history and culture of his own country, and the mystical relationship between man and God. In 1957 he lost the Nobel Prize by a single vote to the French writer Albert Camus.

https://www.goodreads.com/author/show/5668.Nikos_Kazantzakis

Wicus Luwes. Wat is 'n tuiste?

'n Tuiste as plek

"Ek verkies droë landskappe. Ek hou meer van oopgestrekte veld as tropiese plantegroei," was 'n bekende filosoof se woorde aan my. Ek probeer gewoonlik die voor- en nadele van 'n plek teen mekaar opweeg voordat ek kies. Ek hou van kaggelvure in die Drakensberg se winter. Ek hou van die doringbome in die Noord-Kaap en die Bosveld in die somer. Ek hou van die reuk van die see – selfs die verskil in die reuk van die see by die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Kwazulu Natal. Ek kom gewoonlik nie ver met die negatiewe punte nie, want ek is 'n seisoenale reisiger of toeris: Ek hou van verskillende plekke op verskillende tye.

Ek kan wel sien dat iemand 'n plek aan 'n tuiste kan koppel. Daar is mos 'n verskil tussen 'n huis en 'n tuiste. Die vraag raak interessant wanneer jy dink aan die huis van jou jeug of die plek waar jy graag vakansie hou. Die vraag raak interessant, aangesien die tuiste miskien eerder emosioneel is. 'n Tuiste is dus eerder 'n emosie as 'n plek, maar die plek dien as sneller om die emosie los te wikkel.

'n Tuiste as sintuig

Ek onthou nog goed die dag toe ek en my pa na 'n motor gaan soek het. Iets omtrent die verkoopsman het 'n sneller by my laat afgaan. Ek kon net nie besluit wat die sneller veroorsaak het

nie. Die verkoopsman het my tuis laat voel, alhoewel ek hom nog nie langer as dertig minute geken het nie. Toe die verkoopsman sy pyp begin stop het ek besef wat die sneller was: die verkoopsman het dieselfde tabak as my oupa gerook. Sy reuksintuig was dus 'n sneller om die gevoel van geborgenheid te aktiveer.

Mense gebruik die krag van die sintuig dikwels by die verkoop van 'n huis. Ek is seker dat die meeste van ons al gehoor het dat jy koffie moet maak of uie moet braai net voordat voornemende kopers jou huis kom besigtig. Ek is dus redelik oortuig daarvan dat die sintuig van reuk gebruik kan word om 'n 'tuiste'te skep. Hoe die ander sintuie gebruik kan word is 'n ope vraag. Sou jy

van ‘n plek hou omdat sy tuinhek op dieselfde manier kraak as die tuinhek van jou jeug? Sou jy ‘n plek as ‘n tuiste sien omdat die klanke van die verkeer jou aan ‘n plek herinner waar jy gelukkig en tevrede was?

‘n Tuiste as persoon

Kerstyd is net nie dieselfde as jy dit nie met jou familie of vriende kan spandeer nie. Goed of sleg, dra die persone wat die huis met jou deel elk by tot jou ervaring van die tuiste. ‘n Mens sou die verhuising van ‘n ouer of grootouer hier as voorbeeld kon gebruik. Die ouer of grootouer trek weg van die huis met die groen grasperk en gaan bly in die woonstelblok met die goeie sekuriteit. ‘n Groot invloed op die gevoel van ‘tuiskoms’ lê in die persoon wat jy by die ‘tuiste’sou ontmoet. Die vraag is dus of die huis voel soos ‘n tuiste omdat ouma, oupa, ma of pa daar teenwoordig is.

Die tyd waarin die plek en die persoon die ‘tuiste’ verlaat, het seker ‘n mate van wisselwerking. ‘n Kind en ‘n volwassene ervaar ook dinge op verskillende maniere. Die plek en die persoon is nie noodwendig twee kante van dieselfde muntstuk nie, maar ervaring word gewoonlik in kombinasie gebou. Ek dink terug aan ‘Siener in die Suburbs’se ‘Wat is ‘n huis sonder ‘n vader’.

Die tuiskoms

Die komponente van ‘n tuiste is belangrik, want dit sou net miskien moontlik wees om die brein te fnuik deur jou eie tuiskoms te skep. Dit kan so eenvoudig wees as om na ‘n gunsteling liedjie uit jou verlede te luister. Dit kan ook gedoen word deur ‘n foto-album nader te trek of ‘n gunsteling gereg te maak. Ek het ‘n paar gunsteling spreekwoorde: Blom waar jy geplant is / `roeien met de riemen die je hebt`. In hierdie tyd waar mense somtyds verlang na ‘n tuiste of ‘n tuiskoms, wil ek die spreekwoord ‘n bietjie aanpas: kom tuis waar jy ookal is. Die brein is ‘n kragtige gereedskapstuk en goeie herinneringe is ‘n tuiskoms. Jou tuiste is miskien nader as wat jy dink en jou tuiskoms is ‘n plek waar jy jou gedagtes kan lei.

tuiste

waar ek vandaankom
is die veld nie oker nie
daar is nie smarag sonsondergange
of omhaal van woorde nie
die veld is geel in die winter
groen in die somer
daar is miershope
en doringbome
ek dink baie daaroor
jy kan dit nie beskryf nie
want die grond
waar ek vandaankom
is hard
dit moet omgeploeg word
met moeite
dit laat jou nie inkom sonder sweet
nie

http://versindaba.co.za/2018/01/05/wicus-luwes-wat-is-n-tuiste/

“You are constantly invited to be what you are.”
— Ralph Waldo Emerson

Brood vir die pad

Godsdiens en geloof het met beweging te make

Diegene wat gereeld met ’n voorskoolse kind iewers heen stap, sal weet dat dit sowel ’n wonderlike as ’n frustrerende ervaring is.

Dit is dikwels frustrerend omdat dit nie maklik is om vinnig te kom waar jy wil wees nie. Alles verloop stadiger.

Waterpoeletjies word nie verbygestap sonder dat daar eers in geplas word nie. Hulle merk voorwerpe op wat ons nie eens raaksien nie, en vra vrae oor dinge waaroor ons nie meer wonder nie.

As ons onsself toelaat om teen hul pas te beweeg, kan klein kinders se verwondering oor dinge langs die pad ons opnuut help om die besonderse in die gewone en die verrassende in die vanselfsprekende raak te sien.

Die behoefte om teen ’n stadiger pas te beweeg en met meer aandag te leef, verklaar deels waarom baie mense deesdae ou pelgrimsroetes – soos die Camino de Santiago – stap.

In sy boek Heilige onrust: Een pelgrimage naar het hart van religie, bemoei die Nederlandse teoloog Frits de Lange hom juis met moderne pelgrims se behoefte aan /slow travelling/.

Godsdiens en geloof, skryf hy, het met fisieke beweging en liggaamlike handelinge te make, want lank voor die verhouding met die transendente bedink word, word dit gedans. Die pelgrim glo met sy hele lyf; haar siel gaan te voet. Teologie is bewegingsleer.

De Lange verwys ook iewers in sy boek na die reël uit die gedig van Antonio Machado (1875-1939), gewild by Camino-gangers: “Wandelaar, daar is geen weg, die weg ontstaan in die gaan.”

Hier aan die begin van die jaar kan ons onsself herinner dat geloof inderdaad met beweging te make het, met op pad wees, met waag in die lewe, om ja te sê vir die onbekende.

Deur te stap word die pad gemaak. En in die proses kan ons dalk uit klein kindertjies se loopgewoontes leer: oor hul stadiger pas, oor hul oplettendheid en verwondering oor die alledaagse.

In die Italiaanse skrywer Umberto Eco se roman Baudolino (wat in die Middeleeue afspeel) lees ons dat Baudolino teen die einde van sy lewe weer ’n reis wil onderneem omdat hy nog nie gevind het waarna hy op soek is nie.

’n Vriend waarsku hom egter: “Maar jy is nie meer so jonk soos jy was nie . . . Die reis sal jou jare neem, en hoe weet jy dat jy teen daardie tyd nog gaan lewe?”

Hierop is Baudolino se antwoord veelseggend: “Die reis maak jou jonger.” – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/godsdiens-en-geloof-het-met-beweging-te-make-20180105

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877